



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

INTERMEDIÈRE FASE

GRAAD 6

NOVEMBER 2017

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

PUNTE: 40

TYD: 2 uur

NAAM EN VAN: _____



Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS.

AFDELING A	Lees en Kyk	(25 punte)
	'n Fabel	(10 punte)
	'n Advertensie	(5 punte)
	'n Gedig	(10 punte)
AFDELING B	Taalstrukture en Konvensies	(30 ÷ 2 = 15 punte)

2. Lees die tekste en vrae goed deur.
3. Beantwoord AL die vrae.
4. Moenie verkeerd van die vraestel afskryf nie.
5. Nommer jou antwoorde korrek sodat dit ooreenstem met die vraestel.
6. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: LEES EN KYK: FABEL

Lees die onderstaande fabel en beantwoord vrae 1–8.

- 1 Op 'n dag vervies Leeu hom vir Vlieg en sê: “Gaan weg jou vieslike gogga! Hoekom pla jy my so?”



2




Hiervan hou Vlieg net mooi niks. “Moenie dink omdat jy die koning van die diere is, is ek bang vir jou nie! Os is baie sterker as jy en hy is versigtig vir my!” sê Vlieg.

- 3 Vlieg is so kwaad vir Leeu dat hy op Leeu afvlieg. Hy kry 'n sagte plekkie aan Leeu se nek en begin om hom te steek en te steek. Leeu word byna mal van woede. Skuim borrel by sy bek uit. Hy rol sy oë en brul die vreeslikste brul.

- 4 Vlieg hou aan om Leeu te byt. Hy byt hom eers aan sy rug, daarna aan sy mond en toe op sy gevoelige neus. Leeu se skerp tande, groot kloue en lang naels is magteloos teen Vlieg. Leeu krap homself naderhand stukkend en slaan homself met sy stert soos hy probeer om Vlieg weg te jaag. Uiteindelik val hy doodmoeg op die grond neer. Die klein ou vliegjie het die geveg gewen!

- 5 Vlieg is só in sy skik met sy oorwinning dat hy oral rondvlieg om by almal te spog hoe hy die grote Leeu in 'n geveg gewen het. Terwyl hy nog so rondvlieg en spog, vlieg hy karplaks! in 'n spinnekop se web vas. Die spinnekop is baie in sy skik met dié onverwagte sagte happie en slaan die arme Vlieg vinnig weg.



[Verwerk uit: *Die Mooiste Dierefabels*, Fantasi 2013]

WOORDVERKLARING

- vervies (paragraaf 1) - raak kwaad
- woede (paragraaf 3) - baie kwaad wees
- in sy skik (paragraaf 5) - tevrede of bly wees
- karplaks (paragraaf 5) - klanknabootsing



BEANTWOORD DIE VOLGENDE VRAE.

1. Gee 'n gepaste titel vir die fabel.

_____ (1)

2. Waarom was Leeu vir Vlieg aan die begin van die storie kwaad?

_____ (1)

3. Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is:

3.1 Vlieg sê dat Leeu sterker is as Os.

_____ (1)

3.2 Skryf 'n sin uit die teks om jou antwoord in VRAAG 3.1 te bewys.

_____ (1)

4. Skryf EEN sin uit die teks neer wat vir jou sê dat Leeu baie kwaad was.

_____ (1)

5. Kies die korrekte woord tussen hakies. Skryf slegs die woord neer.

Vlieg was baie (bly / kwaad / hartseer) dat hy die geveg gewen het.

_____ (1)

6. Wat het Spinnekop met Vlieg gedoen?

_____ (1)

7. Die storie leer ons om versigtig te wees vir dié wat swak lyk.
Watter ander les kan ons ook uit die storie leer?

Omkring die letter van die mees korrekte antwoord. (1)

A Onthou dat gevare opduik waar ons dit die minste verwag.

B Pasop vir dié wat swak lyk.

C Vlieg is sterker as Leeu.

D Wees altyd net jouself.

8. Dink jy dit is moontlik dat Vlieg vir Leeu kon wen? Gee 'n rede vir jou antwoord.

_____ (2)

LEES EN KYK: ADVERTENSIE

Bestudeer die advertensie en beantwoord vrae 9–12.



9. Wat is die prys van die aanbod?

_____ (1)

10. Watter TWEE woorde word gekombineer om die woord SPURFEK te maak?

_____ (1)

11. Kan jy die aanbod op 'n Saterdag gebruik? Gee 'n rede vir jou antwoord.

_____ (1)

12. Sal jy daarvan hou om die aanbod van Spur te gebruik? Verduidelik hoekom.

(2)

LEES EN KYK: GEDIG


Lees die onderstaande gedig en beantwoord vrae 13–19.

DIE GOUE SLEUTELTJIE

1 As ek 'n goue sleuteltjie
in die hande kry,
dan sluit ek al die koutjies oop
en laat die voëltjies vry.

5 Ek sluit ook ons ou koskas oop,
waar Ma die koek in hou,
en allerhande lekker goed,
waaraan ek graag wil kou.

9 Maar ons skooldeur sluit ek toe!
So styf as jy kan dink –
die sleutel gooi ek in die see
om diep daar weg te sink!



[Helena J. F. Lochner: *Uit Nuwe Kleuterverseboek*]

WOORDVERKLARING

- sleuteltjie (reël 1) - 'n klein sleutel, voorwerp waarmee jy 'n slot oopsluit
- koutjies (reël 3) - klein hokkies waarin voëls bly
- koskas (reël 5) - 'n kas waarin kos gebêre word
- allerhande (reël 7) - verskillende

13. Wat is die kleur van die sleutel?
_____ (1)
14. Hoekom dink jy wil die spreker die voëltjies vrylaat?

_____ (1)
15. (Omkring die letter van die korrekte antwoord).
Die herhaling van die 'v' – klank in 'voëltjies vry' is 'n voorbeeld van ...
- A 'n vergelyking.
B 'n metafoor.
C assonansie.
D alliterasie. (1)
16. Noem TWEE dinge wat die spreker in die koskas kan kry.
_____ (2)
17. Die spreker wil twee goed oopsluit en een ding toesluit.
- 17.1 Noem die ding wat hy / sy wil toesluit.
_____ (1)
- 17.2 Waarom dink jy wil die spreker hierdie ding toesluit?

_____ (1)
- 17.3 Hoe voel jy daaroor dat die spreker hierdie ding wil toesluit?
_____ (1)
18. Wie is die digter (skrywer van die gedig)?
_____ (1)
19. Skryf TWEE woorde uit strofe 3 neer wat met mekaar rym.
_____ (1)

TOTAAL AFDELING A: 25

AFDELING B: TAALSTRUKTURE EN –KONVENSIES

20. Gee die **meervoud** van die onderstreepte woord. Skryf slegs die woord neer.

Byvoorbeeld: een leeu – twee leeus

Hy vlieg in 'n spinnekop se web vas.

(1)

21. Gee die korrekte **intensiewe vorm** van die volgende woord.

Byvoorbeeld: Baie moeg is doodmoeg.

(Leeu val doodmoeg op die grond neer.)

Leeu is 'n groot dier, terwyl Vlieg **baie klein** is.

(1)

22. Verbind die twee sinne met die **woord** tussen hakies.

Leeu is kwaad vir Vlieg. Hy kan hom nie vang nie. (maar)

(2)

23. Gee die **vroulike vorm** van die volgende woord.

Byvoorbeeld: seun – meisie

Die **leeumannetjie** is groter as die _____.

(1)

24. Skryf die volgende sin oor en vul die korrekte **leestekens** in.

Leeu skree gaan weg jou vieslike gogga

(4)

25. Gee die **verkleinwoord** vir die woord wat onderstreep is. Skryf slegs die woord neer.

Byvoorbeeld: leeu – leeutjie

Hy byt hom op sy gevoelige neus.

(1)

26. Onderstreep die korrekte **voorsetsel**.
Vlieg hou (aan / met) om Leeu te byt. (1)
27. Skryf die sin in die **verlede tyd**. Begin met “*gister*”.
Vlieg wen die geveg.
Gister

(2)
28. Kies die **antoniem** (woord met teenoorgestelde betekenis) vir die onderstreepte woord. Omkring jou keuse.
Leeu het groot kloue.
A enorme
B yslike
C groen
D klein (1)
29. Skryf ’n **sinoniem** (woord met dieselfde betekenis) vir die onderstreepte woord neer.
Leeu is vies vir Vlieg.

(1)
30. Skryf die sinne in die **toekomende tyd**.
Byvoorbeeld: Vlieg wen die geveg.
Vlieg sal die geveg wen.
30.1 Leeu krap homself stukkend.

(1)
30.2 Leeu is baie kwaad.

(1)
31. Onderstreep die **korrekte woord** tussen hakies om die sinne te voltooi.
31.1 Leeu brul (hard / harder / hardste) as gewoonlik. (1)
31.2 Leeu dink hy is die (sterk / sterker / sterkste) van al die diere. (1)

32. Skryf EEN sin neer om die ander betekenis van die woord “**van**” te verduidelik.

Voorbeeldsin: Leeu word byna mal van woede.

(2)

33. Omkring die mees korrekte betekenis van die volgende **idioom**.

Leeu wou **die aapstuipe** kry.

- A Leeu was baie kwaad.
 B Leeu wou 'n aap vang.
 C Leeu wou stuipe kry.
 D Leeu was baie bly.
- (1)

34. Onderstreep die **korrekte vorm** van die woord in hakies.

34.1 Leeu is die koning van die diere. Hy is hulle (lyer / leier). (1)

34.2 Die ander diere hoor Leeu se (hard / harde) gebrul. (1)

35. Skryf die sinne in die **ontkennende vorm**.

Byvoorbeeld: Vlieg wen die geveg.

Vlieg wen nie die geveg nie.

35.1 Vlieg pla vir Leeu.

(1)

35.2 Leeu moet vir Vlieg vang.

(1)

36. Skryf die **onderwerp, voorwerp en geseigde** uit die volgende sin neer.

Die spinnekop eet arme Vlieg.

36.1 onderwerp: _____ (1)

36.2 voorwerp: _____ (1)

36.3 geseigde: _____ (1)

37. Onderstreep die **bywoord** in die volgende sin.
Byvoorbeeld: Vlieg pla Leeu aanhoudend.
Vlieg pla Leeu aanhoudend.

Leeu het vreeslik gebrul.

(1)

TOTAAL AFDELING B (30 ÷ 2): 15
GROOTTOTAAL: 40

